

# TOOLBOX


**AUGUSTUS/AUGUST 2014**

**LID VAN VETERAAN MOTORVERENIGING VIR SUIDER AFRIKA (SAVVA)**

**SEDERT /SINCE FEBRUARIE 2004 UITGAWE NR 111 / EDITION 111**


---

## DAGSÊVRIENDE / GOODDAY FRIENDS

Na die verfrissende koue is ons bly ons is almal nog fris en vars en dat Slabberts en Paul Roux se lede nog springlewendig is, en niemand verys het nie, na die temperature wat hul vir ons gestuur het nie. Iets wat ek bly vergeet is om die volgende dames welkom te heet as volwaardige lede van die Klub. Lydia, Miemie, Hannetjie en Dircolene. Hulle het almal aangesluit as lede. Hoop julle gaan dit net so geniet soos die manne. Dit is lekker as die hele familie kan deel in die stokperdjie. Ons is bly Danie is veilig na sy nare ondervinding. Dit is net die hand van Bo wat jou bewaar het .Jy moet ophou om ons so skrik te maak as jy agter 'n wiel in klim. Jy sal dat ons jou nêrens mee wil laat gaan nie. Sommer net 'n grappie Danie! Net bly jy is nog met ons.

DRINGENDE KENNISGEWING

**Gebruik asb voortaan slegs die volgende bank besonderhede om betaling in te maak asb:**

Maluti Antique auto and Machine Club
ABSA Bethlehem
Tjek Rek nr: 4059578432
Takkode: 632005

## Jaarprogram /Yearprogram

**9 Augustus – Uitstappie en middagete by Fouriesburg**

**4 September – Maandelikse vergadering**

## Gelukwensings /Congratulations

Verjaarsdae/ Birthdays

1 Aug – Susan Botha
15 Aug- Jors van Heerden
18 Aug – Tania Badenhorst
21 Aug – Don Whitehead
22 Aug – Miemie Naude


Baie geluk aan die volgende lede wat verjaar. Mag julle 'n vreugdevolle en geseënde jaar hê! .Ons wens elkeen van hierdie persone sterkte toe vir die jaar wat voorlê en verseker hulle van ons deurlopende ondersteuning!

## Comments made in 1965.

**Have you seen the new cars coming out next year?**

**It won't be long before R2,000.00 will only buy a used one.**






When I first started driving, who would have thought petrol would someday cost 20 cents a litre. Guess we'd be better off leaving the car in the garage.




The fast food restaurant is convenient for a quick meal,

## C;assic car show at Nasrec by Richard Lewis

I have mixed feelings about the car show. I think perhaps the problem is in the name of the show. It says 'classic cars' and I went expecting to see hundreds of classics. Instead about 20% appeared to be classic, 20% muscle, and 60% were old VW golfs with mag wheels and huge sound systems all competing to making the most noise.

There were some magnificent cars on show, especially on the upper field which made for very interesting viewing indeed and a circle of Cougars and GTOs was well worth seeing. In the hall were two mustangs, a Continental Coupe and Chev Impala of such magnificent condition that they took my breath away. However, much of the rest of the venue was in my opinion, far from 'classiccars'. I believe that if the organisers really concentrated on filling NASREC with 'classic cars' and muscle cars it would serve them better. However, the show invited anyone with a car older than 1984 (I believe was the cut off year) that they could bring two people and their car in for free..as such thousands of pre 1984 less than ordinary cars poured in, believing that a set of mag wheels and tinted windows made them something that the public would want to see - certainly I did not need to see them.

But then again, that's just my opinion. But, as I said, there certainly were some pearls in amongst the swine.but I seriously doubt they will ever catch on.







## Uitstappie na Lindley Saterdag 26 Julie 2014

Baie dankie aan almal wat dit gereel het en Paul van Lindley. Ons was 13 karre. Dankie ook aan almal wat dit bygewoon het. Dit maak mens se hart sommer warm as jy so baie lede sien wat dit bywoon en ook die hele gesin wat saam kom. Ons het lekker sports gehad... die bevolking van Lindley was histeries toe ons om die hoek gery kom .













Daar is spesiaal gereël met n local Taxi om ons na die meule te vervoer. Dit was nou die hoogte punt van die dag. Die klub het hom gepak, erger as die wat hom daagliks gebruik. As hy 'n boom getref het, was ons klub uitgewis. Party het uitgeklim of hul daagliks 'n Taxi gebruik. Gelukkig is daar vir ons vrouens ander vervoer gereël. Toe ons terug gaan moes hul agter op 'n bakkie ry. Ek dink die taxi bestuurder het te groot geskrik om die ouens terug te vat. Hul het vir ons gereël om spesiaal die Ruston enjin te gaan aanskakel. Dit is 'n Ruston & Hornsby 9 x class HR no 320644 vervaardig in Lincoln England en versprei deur Hubert Davies & Co. Sy suier is 12 duim in deersnee en met 270 slae per minuut. Vollediger sal jy nie kry nie. Ons kon ook sommer lekker sakkies meel koop . Maar die grootste verbasing is die Pro Nutro bord buite. Onthou as jy elke keer Pro Nutro eet om dit te onthou.









## German vs Jap Show – Nasrec. Deur Leon Badenhorst

As daar een oorkoepelende gedagte is wat die trippie die moeite werd gemaak het, is dit die feit dat ek en Tertius 'n paar goeie kontakte gemaak het vir ons skou volgende jaar.

Die een kar wat ons hier gaan kry is tot dusvêr die enigste een in Suid-Afrika. Dit is 'n GTM Super car met 'n 6.2 liter fuel injected V8. Hy doen 0-100km/h in 3.6 sekondes, met 'n topspoed van 320km/h. Die V8 kom uit 'n S3 Chev Corvette en lewer 560 perdekrag. Dit was iets om te sien! (sien foto) Peter Labuschagne wat Dynamat verkoop het op die skou, het belowe hulle bring hierdie kar en nog 'n paar Cobras en ander goete saam Bhm toe.

Nog 'n kontak waaroor ek baie opgewonde is, is die SS Club van SA, wat sommer die hele naweek hier kom kuier. Francois Lewitton, wat hulle nasionale voorsitter is, het gesê ons kan so 18 na 24 Chev SS en Ute bakkies verwag. Om sy woorde te gebruik: "Jy kan seker wees daarvan dat ons daar sal wees!" Hy gaan reel dat dit een van hulle nasionale byeenkomste is, wat veroorsaak dat lede van oor die hele Suid_Afrika Bethlehem toe gaan kom. En is hulle Chevy's mooi! ( Ek hoop Lydia gaan vir Danie ekstra tissues saamvat vir sy gedroool oor hierdie pragtige Chevys!)

Ander ouens wat gaan kom uitstal is Raymond, wat white walls vir tyres maak. "Any tyre, Any size!" Brad van Xtreme Dynamat bring hulle reeks produkte saam. Dit is 'n produk uit Amerika wat Chip Foose van Daytona 500 faam uitgevind het. Baie interresant! Dan het Brandt en Dirk van Model Cars For Africa ook belowe om deur te kom. En ook 'n ou omie wat enige teken of bord kan maak, presies soos jy dit wil hê. Alles motor getema.

Terwyl ons oor die model karretjies praat, het ek sowaar twee Zephyr modelle gekry vir my versameling. Dit was nou aangenaam! 'n Donker bloue en ook 'n ligte groene. Praat van geluk!

En so het ons uittog, vyfuur op Sondag 6 Julie 2014 begin. Gesukkel om uit die bed te kom, maar nie die kleinseun nie! Hy was sommer wild van opgewondenheid. Vir Tertius opgelaai, wat ook maar meer aan die slaap as wakker gelyk het? En daar gaan ons. Heerlik gery en binne in die gronde van Nasrec plek gekry, so 500 meter van waar die ou karre uitgestal is.

Ons is eers deur die Cortina Klub se uitstalling wat ook vier baie mooi Mustangs onder hulle gehad het. Toe is ons deur 'n magdom Golfs, Polos, Beetles, Hondas, Toyotas, Sentras, Subarus, en BMWs van elke soort en kleur. Ek wil nie eers probeer raai hoeveel nie, maar dit was baaaaaie! Nadat ek dit aanskou het, gaan mense my baie moeilik oortuig dat daar 'n resessie in Suid-Afrika is! Die eienaars spandeer letterlik der duisende rande aan hierdie karre. As jy op so 'n skou kom en jy sien dit alles saam, dan lyk tydskrifte soos Speed and Sound en Max my Ride soos sprokie boeke. Ongelooflik!

En toe is dit die beurt van die Hot Rods en die Ou Tannies en Ooms. Daar is net een woord om dit te beskryf – WOW!!! As ek alles hierin moet beskryf, gaan dit maklik vyftien blaaie beslaan, en ek vergroot regtig nie. Ek is seker Tertius het ook soos ek gevoel. Jy is totaal oorweldig deur dit wat jou oë jou vertel. Jou oë sien dit nou, maar jou brein is so klomp sekondes agter.


Daar was DKWs vir Oom Luame, Chev Fleetlines vir Danie, Mustangs vir Koos, BMWs vir my (let wel Tertius vir MY!) en nog baie ander regtige mooi voertuie. Tot voertuie wat van niks af gebou is nie, soos 'n Alfa Rat Rod en 'n onegte Model T. (Ek hoop Tertius gaan van die Omie se goedheid gebruik maak, voor hy dalk daarbo gaan karre aanmekaarsit?)

Die BMW waaroor ek en Tertius absoluut gedrool het, was 'n pristien 635 wat die omie uitgestal het om te verkoop omdat hy na 'n kleiner plekkie toe moet trek. Dit was hartseer om dit te aanskou en te dink dat hy van sy een groot liefde moet ontslae raak, omdat hy deur die ouderdom verplig

word om te skuif. En dit is 'n model wat hy uit Duitsland saamgebring het met ekstras in, wat nie in Suid-Afrika beskikbaar was nie! As ek reg onthou het hy die BMW al iets soos vyftien jaar gehad. Ons harte was altwee seer dat ons arm Pa's het......

Dit is toe ook al laat, en na ons die Lumina drifting show klaar gekyk het, is ons terug in die kar Bethlehem toe. Ek het maar meeste van die pad alleen teruggery, want die Voorsitter het gesnoooooooze...... Maar dit was deur en deur die moeite werd!!!

# GTM SUPER CAR



## ENGINE: 6.2 LITRE V8 FUEL INJECTED

## POWER: 560 HP

## 0-100KM/H: 3.6 SEC

## TOP SPEED: 320 KM/H

# Lindley Klassieke Motor Skou.

Deur Leon Badenhorst

Op 26 Julie 2014 het die dag aangebreek waarna baie van ons uitgesien het. Almal was negeuur by Ocean Basket vir ons trippie na Lindley. Die opkoms van MAAMC het goed gelyk en ek dink 'n suggie van verligting het opgegaan. Baie dankie aan almal wat die moeite gedoen het om die uitstappie mee te maak.

Selfs Koos met die rooi Cobra was daar. Dit was lekker om jou weer saam met ons te hê. En om nie eers van al die mamma'tjies wat saamgery het te praat nie. Ons hoop dit is nie die laaste keer dat ons al julle vriendelike gesiggies sien nie.

Op Lindley aangekom, is ons met 'n motorfiets en 'n groot Amerikaanse vlag die dorp in, begelei. Almal is staangemaak in die straat voor Lindley Motors en ons manne is gevra om bonnets te lig vir die nuuskieriges. Toe kom die groot storie van die dag……. Ons gaan rollermeule toe! Hoe?

Met lekker ou taxi's van die agtergeblewenes!!! Die manne het lekker ingeprop en Danie het die balans agter in die taxi mooi gehou. Toe ons uitklim, is dit net kameras. Ons het soos filmsterre gevoel soos die kameras "geflash" het. Dit was veral vir die vrouens die hoogtepunt van die dag.

Hulle het vir ons die ou enjin uit die 1930s gestart en dit was nou interresant. Hy het 'n exhaust van so tien duim, wat vier meter die lug instaan. Sy verkoeler is 'n vyfduisend liter, blik watertenk met twee en 'n half duim pype na en van die enjin. Om te dink hy werk vyf dae 'n week en dit al vir meer as tagtig jaar! Dit is ongelooflik.

En toe is dit weer terug na die uitstalling met die lekker ou taxis. Daar was stalletjies van oudhede, speelgoed, skilderye en verskillende kosstalletjies. Ek dink nie die mense van

Lindley het die volume mense verwag wat toe wel opgedaag het nie, want hulle het maar bontgestaan met die pannekoek en koffie.

Almal was dit eens dat Paul se twee Fords uitstaande was en almal kon vir Pieter, die paneelklopper ontmoet wat daai twee vuurwaens geverf het. Dankie ook aan Paul en al die mense van Lindley vir 'n lekker uitstappie. Maar hulle het geleer dat as jy MAAMC nooi, moet jy gereed wees vir grooooot dinge!!

SIEN JULLE IN FOURIESBURG!!!

**SAVVA Technical Tip 88 – Electronic Ignition**

Often discussed are the pros and cons of fitting electronic ignition to early cars. I'm sure there are pros and cons to fitting them however I cannot think of a con. Modern cars have proved the point as I doubt if there is one make still fitting points and condensers – they are all electronic.

There are numerous types of electronic ignition units available, most being either optical or magnetic. I believe the optical is possibly the better way to go especially for very high revving cars but for my purpose I settled for the simple magnetic type. I have used them for many years on various cars and have never had a problem.

I've just fitted one to a Sunbeam Alpine (the type as fitted to MGBs) made by Accuspark, England. Fitting is so simple even an accountant could fit one. Firstly, you dispose of the points and condenser and the wire lead that goes from the distributor to the coil. Next, you fit the electronic module where the points were situated. It's the same size as your points and uses the same fixing screw. Now you lift off the rotor, drop on the magnetic ring and replace the rotor. Coming out of the distributor from the module will be two new wires a red and a black. The red goes to the positive side of the coil (+) and the black to the negative side (-) and there you have it. No points to wear out and no condenser to give trouble. The units are maintenance free and no adjustments are necessary.

Six volt units may be a problem to obtain. Perhaps they will have to be special orders. Positive to earth are available for some distributors at an additional cost. There are various suppliers of these electronic units. In Gauteng, Carl Reynolds will do the whole job for you. He is at 082 442 1902 or ignition@optical.co.za. For the D.I.Y. enthusiasts a D.I.Y. version is available from Old Timers Vintage & Classic in Cape Town. They cost about R650.00 each plus postage. They are available from Steve 0826460824 or woodward@icon.co.za

For the brave, who would like to build their own unit we can offer a diagram for a 6 volt system. It retains the points and has a separate control box which fits onto the fire wall. The condenser is discarded with, and the points will last forever as there is only a minuscule amount of current going through them. The heavy current is absorbed by the electronic gadgetry in a box attached to the fire wall. I fitted one of these 6 volt systems to a Buick 8 many years ago and haven't seen the inside of the distributer since. Perhaps this can be the content of a future article.

